MIKRO

WERK EN SKEP

COVID-19



Graad 4: PSW



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Wat is Covid-19?

Covid-19 is ‘n **respiratoriese siekte** wat ook die koronavirus genoem word. Dit is amper soos griep en laat jou hoes, jy is koorsig, jy voel moeg en jou lyf en spiere pyn.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Waar kom die virus vandaan?

Die eerste pasiënte was handelaars en verkopers in ‘n mark vir seekos, pluimvee en lewende wilde diere in die stad **Wuhan** in China.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Hoe versprei die virus?



Die virus word oorgedra van hand na hand en dan na jou oë, neus of mond.

As iemand wat die virus het hoes of nies, asem jy dit in.

Die virus kan ook vasklou aan items soos winkeltrollies en produkte wat jy by die winkel koop.

erskool Mikro Kopiereg ©

Verspreiding

Die skole het op 15 Maart 2020 gesluit as gevolg van die Corona-pandemie.



Die regering was bang dat mense mekaar sou aansteek en daarom is ‘n nasionale inperkingstyd aangekondig.

Inperkingstydperk

Die skole moes gesluit bly om te voorkom dat die virus versprei.

Alle leerders moes hul werk doen deur e-leer. Die onderwysers het elke week vir die kinders werk gestuur om te voltooi.

Laerskool MIKRO Kopiereg ©

By die winkel

Almal moes by die huis bly om te keer dat die virus versprei.
Indien jy wou winkel toe gaan, moes jy ‘n masker dra om jou teen die virus te beskerm.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Terug skooltoe

LAERSKOOL MIKRO

Wanneer die skool begin, gaan dit lekker wees om weer jou maats te sien. Dinge gaan egter nie meer dieselfde wees as vantevore nie.

Julle gaan die hele tyd by die skool ‘n masker moet dra.

In klastyd sal julle ver uitmekaar uit sit.

Maats sal voor skool en tydens pouses ver uitmekaar moet staan.

Covid-19 Vraelys

LAERSKOOL MIKRO

Jou ouers moet elke oggend voordat jy skooltoe kom ‘n **vraelys** invul, anders mag jy nie by die skool wees nie.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Terug skooltoe

LAERSKOOL MIKRO

Wanneer jy by die skool kom, word jou temperatuur geneem en moet jy vir Juffrou of Meneer jou vraelys inhandig.

Handig jou vraelys in.



Bly by die huis as jy siek voel.

Jou temperatuur moet onder 38°C wees.

Jou hande word gesaniteer.

Simptome

LAERSKOOL MIKRO

Hoe weet ek of ek siek is?

Hoofpyn en koors

Loopneus

Sukkel om asem te haal.

Hoes

Pyn op die bors

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Wat gebeur as jy vermoed jy is siek

LAERSKOOL MIKRO

1

Wanneer jy simptome toon, moet jy getoets word.

2

Die dokter wat jou toets sal beskermende klere dra.

3

Jou koors sal gemeet word.



4

'n Toetsstokkie word by jou keel of een neusgat ingedruk.

5

Die toetstokkie word in 'n houer geplaas..

6

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Isolasie tydperk

Indien jy positief getoets word vir die virus, mag jy vir **14 dae** nie in kontak kom met ander mense nie. Jy moet dus jouself **isoleer**.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Voorkoming

LAERSKOOL MIKRO

Wat moet ek doen om te keer dat ek die virus kry?

Bedek jou mond as jy hoes of nies.



Kry genoeg slaap.

Saniteer jou hande gereeld.

Dra altyd 'n masker.

Behou sosiale afstand.



Gaan dokter toe indien jy nie lekker voel nie..

Was jou hande vir ongeveer 20 sekondes met seep.

Covid-19

LAERSKOOL MIKRO

As ons saamstaan, kan ons hierdie virus stop.



Laerskool Mikro Kopiereg ©